basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## LANDBOUBESTUURSPRAKTYKE

## FEBRUARIE/MAART 2015

**PUNTE: 200**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

WESTERN CAPE

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

2. Beantwoord AL die vrae in die ANTWOORDEBOEK.

3. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

4. Lees die vrae aandagtig deur en beantwoord slegs wat gevra word.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

7. Rond ALLE berekeninge tot TWEE desimale plekke af, tensy anders aangedui.

8. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 A.

1.1.1 Die dominante faktor wat bepaal of 'n streek geskik sal wees vir die verbouing van 'n spesifieke gewas:

A Grondwater
B Klimaat
C Biotiese faktore
D Beplanning

1.1.2 Menslike energie benodig om primêre landbouproduksie te verseker:

A Klimaat
B Kapitaal
C Arbeid
D Grond

1.1.3 'n Implement wat gebruik word om 'n voortjie te maak en dan saad en kunsmis teen 'n beheerde tempo in die voortjie te plaas:

A Planter
B Ploeg
C Eg
D Operdploeg

1.1.4 Ekonomiese boerderybeplanning wat jou inligting gee oor jou plaas se likiditeit:

(i) Kontantvloei
(ii) Inkomstestaat
(iii) Fisiese data
(iv) Proefbalans

Kies die mees toepaslike kombinasie vir die beskrywing hierbo:

A (i), (ii) en (iii)
B (i) en (ii)
C (i), (iii) en (iv)
D (i), (ii) en (iv)

1.1.5 Hierdie tipe lening word vir belegging in vaste bates gegee:

A Korttermynlening
B Mediumtermynlening
C Langtermynlening
D Kwartaallikse lening

1.1.6 Die inbetaal van geld in jou bankrekening word 'n … genoem.

A lening
B onttrekking
C deposito
D begroting

1.1.7 'n Bedreiging vir elke boerderyonderneming:

A MIV/Vigs
B Malaria
C Verbrakking
D Sedimentasie

1.1.8 Ondernemings wat landboukundige grondstowwe gebruik om voedselprodukte te vervaardig:

A Kleinhandelaars
B Voedselverwerkingsmaatskappye
C Uitvoerders en invoerders
D Makelaars

1.1.9 'n Bestuuraspek wat die uitkomste meet deur jou plan in werking te stel:

A Kommunikasie
B Koördinering
C Monitering
D Beplanning

1.1.10 Prosesse in die aanbodketting is:

(i) Verkope
(ii) Verspreiding
(iii) Produsering

Kies die mees toepaslike volgorde vir die prosesse in die aanbodketting hierbo:

A (i), (ii) en (iii)
B (iii), (ii) en (i)
C (ii), (iii) en (i)
D (i), (iii) en (ii)

(10 x 2) (20)


WESTERN CAPE

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n item/frase in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.11 M. Elke beskrywing in KOLOM B mag slegs EEN keer gebruik word.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Motivering | A 'n metode om vloeistowwe te pasteuriseer |
| 1.2.2 Sakeplan | B 'n organisasie wat navorsingsinligting aan produsente verskaf |
| 1.2.3 Landbounavorsingsraad | C die ekonomiese term wat gebruik word wanneer die waarde van 'n item met verloop van tyd verminder |
| 1.2.4 Markewewig | D dui 'n toestand aan waar die hoeveelheid van 'n produk wat kopers benodig presies dieselfde is as die hoeveelheid wat verkopers wil verkoop |
| 1.2.5 Wet van dalende meeropbrengste | E 'n bestuuraspek wat erkenning gee aan die werkers se harde werk |
| 1.2.6 Depresiasie | F toets die korrektheid of dubbelinskrywings en die akkuraatheid van die rekeninge |
| 1.2.7 Veranderlike koste | G dui aan hoe die besigheid sal funksioneer, die uitleg en planne vir die werking van die onderneming |
| 1.2.8 Proefbalans | H sluit die gelde in wat op geleentheidswerkers, veevoer, kunsmis en saad gespandeer is |
| 1.2.9 Blansjeer | I die afname in die tempo van verbetering van die opbrengs ten spyte van die toename in 'n spesifieke produksiefaktor |
| 1.2.10 Bemarkingsketting | J kan in fisiese terme gedefinieer word as alles wat met plaasprodukte gebeur vandat dit by die plaashek gelaai word totdat dit op die verbruiker se tafel beland |
| | K primêr gemik op die uitskakeling van ensiemstelsels terwyl daar 'n afname in die mikrobebevolking is |
| | L gee die effek van al die onbekendes in die produksieproses |

(10 x 2) (20)


WESTERN CAPE

1.3 Die volgende stellings is VERKEERD. Verander die ONDERSTREEPTE woord om elke stelling KORREK te maak. Skryf slegs die korrekte woord langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.11 Klimaat.

1.3.1 'n Sakeplan gee 'n oorsig van hoe die besigheid hul produkte moet adverteer, bemark en verkoop.

1.3.2 Arbeid is die mees basiese hulpbron van die landboubedryf wat gebruik word om produkte te produseer.

1.3.3 Die produksiestelsel waar verskillende gewasse in agtereenvolgende jare op dieselfde stuk grond verbou word, is 'n monokultuur-produksiestelsel.

1.3.4 Die doel van ekstensiewe boerderystelsels is om grondveranderlikheid en gewasinligting te versamel en te analiseer om inset-doeltreffendheid in boerderygebiede te verhoog.

1.3.5 Die som van alle koste vir items soos lisensies, eiendomsbelasting en bankkoste staan as veranderlike koste bekend.

1.3.6 Die begroting vir die werking van 'n plaas vir 'n spesifieke tydperk, gewoonlik 'n jaar, word die ondernemingsbegroting genoem.

1.3.7 Produk-onelastisiteit (-nie-elastisiteit) is die verandering in die hoeveelheid produkte wat verbruikers op 'n spesifieke tydstip benodig.

1.3.8 Koöperatiewe bemarking is 'n bemarkingstelsel waar die produsente produkte kan verkoop teen 'n prys wat deur die minister van landbou vasgestel is.

1.3.9 'n Dividend is die ooreenkoms tussen die privaat sektor of 'n maatskappy en grondhervormingsbegunstigdes.

1.3.10 Die inkomstestaat toon al die syfers wat verband hou met die beweging van gelde in of uit 'n boer se rekening vir 'n spesifieke tydperk. (10 x 1) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B

## VRAAG 2: PLAASBEPLANNING

**Begin die vraag op 'n NUWE bladsy.**

2.1 Die fisiese eienskappe van grond bepaal die produktiwiteit van enige gewasverbouingsonderneming.

2.1.1 Noem VIER hooffaktore wat grondproduktiwiteit sal beïnvloed. (4)

2.1.2 Verduidelik DRIE boerderypraktyke wat grondvogbewaring tot gevolg sal hê. (3)

2.2 'n Boer doen 'n grondanalise om die gebruik van die grond vir verskillende tipes boerderye te bepaal.

Die volgende data is vir 100 g droë grond aangeteken:

| DATA | LAND A | LAND B |
|---|---|---|
| Gemiddelde gronddiepte | 0,5 m | 3 m |
| Waterkapasiteit (100 mℓ) | 40% | 80% |
| Water-infiltrasie (100 mℓ) | 10 sekondes | 30 sekondes |
| Waterdreinering (100 mℓ) | 15 sekondes | 45 sekondes |
| P-inhoud | 10 d.p.m. | 50 d.p.m. |
| K-inhoud | 20 d.p.m. | 40 d.p.m. |
| Grond-pH | 4,5 | 6,5 |

2.2.1 Lei uit die tabel hierbo af watter grond (**A** of **B**) die boer heel waarskynlik vir verbouing gaan gebruik. (1)

2.2.2 Verduidelik jou antwoord op VRAAG 2.2.1. Gee TWEE redes. (2)

2.3 Die hoofdoel van plaasbeplanning is om grond op so 'n manier te benut dat die hoogste produksie gehandhaaf kan word. Kampe vir veeweiding word volgens grondtipe of natuurlike weiding uitgelê.

Gee DRIE belangrike redes waarom 'n veeboer kampe in weivelde sal uitlê. (3)

2.4 'n Begroting is 'n beplanningsinstrument wat 'n onderneming se aktiwiteite vir 'n bepaalde toekomstige tydperk in monetêre terme voorstel.

2.4.1 Dui TWEE van die aanvanklike faktore aan wat vir die opstel van 'n begroting benodig word. (2)

2.4.2 Beskryf DRIE belangrike aanwysers wat 'n kontantvloeibegroting aan die boer sal toon. (3)

2.5 Die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993) bepaal dat werknemers beskermende klere moet dra, veral diegene wat in die voedselverwerkingsbedryf en by slagpale werk.

2.5.1 Noem VIER tipes beskermende klere wat aan 'n werker wat in die bedryf hierbo werk, gegee moet word. (4)

2.5.2 Noem VIER uitwerkings van MIV/Vigs en verwante siektes op die Suid-Afrikaanse landboubedryf. (4)

2.6

| |
|---|
| Boere moet onkruiddoders en plaagdoders verantwoordelik gebruik volgens die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne, 1983 (Wet 43 van 1983). |

Dui die maatreëls aan wat 'n boer moet implementeer om omgewingsbesoedeling te voorkom. (5)

2.7 Presisieboerdery is die gebruik van tegnologie soos globale posisioneringstelsels, sensors en lugfoto's (van satelliete) om variasies in grond se potensiële produktiwiteit te bepaal.

2.7.1 Tabuleer TWEE funksies elk vir die globale posisioneringstelsel (GPS) en die geografiese inligtingstelsel (GIS). (4)

2.7.2 Gee die betekenis van *VTT ('VRT')* soos wat dit in presisieboerdery gebruik word en noem die funksie van hierdie tegnologiese hulpmiddel. (2)


2.8

| |
|---|
| Landbou het 'n sleutelrol in die ontwikkeling van die menslike beskawing gespeel. Boere het aan die begin net genoeg produkte vir hul eie huishoudings geproduseer, met 'n klein gedeelte wat oorgebly het om mee te smous. Gedurende die afgelope 100 jaar het daar 'n verskuiwing in die landboubedryf plaasgevind. Masjinerie het diere en mense teen 'n vinnige tempo vervang. Sommige boere het meer geproduseer as wat hulle huishoudings nodig gehad het, wat tot nasionale en internasionale handel in produkte gelei het. |

Verwys na die paragraaf hierbo en lei DRIE belangrike funksies van agribesigheid af. (3)


WESTERN CAPE

2.9 Die grafiek hieronder toon die pryse van landbou-insette. Beantwoord die vrae wat volg.




2.9.1 Verduidelik die uitwerking van die prysveranderinge van verskillende insette op die wins van die onderneming. (2)

2.9.2 Analiseer die grafiek en stel 'n hipotese met betrekking tot die begrotingsvereistes vir die volgende ses maande op. (8)

**[50]**

## VRAAG 3: ENTREPRENEURSKAP, REKORDHOUDING, BEMARKING EN BESIGHEIDSBEPLANNING

**Begin die vraag op 'n NUWE bladsy.**

3.1 Baie boerderyondernemings maak staat op rekenaars en inligtingstegnologie om hul besigheidsdata te hanteer. Daar is 'n verskeidenheid rekenaars beskikbaar.

Noem TWEE tipes rekenaars wat 'n boer vir die boerderyonderneming kan gebruik. (2)

3.2 Die data hieronder toon die reënvalrekords vir die 2012/2013-reënseisoen vir 'n gewasboer in die gemiddelde- tot laereënvalgebiede in Suid-Afrika.

- Oktober – 45 mm
- November – 70 mm
- Desember – 65 mm
- Januarie – 55 mm
- Februarie – 50 mm
- Maart – 35 mm
- April – 20 mm

3.2.1 Teken 'n staafgrafiek om die verspreiding van reënval vir hierdie plaas aan te toon. (5)

3.2.2 Skryf EEN weerselement neer wat met die instrumente in die tabel hieronder gemeet word om die boer met die insameling van klimatologiese data te help. Teken die tabel hieronder in die ANTWOORDEBOEK oor en voltooi dit.

| NAAM VAN INSTRUMENT | WEERSELEMENT GEMEET |
|---|---|
| Bakkiesanemometer | |
| Nat-en-droëbol-termometer | |
| Reënmeter | |
| Maksimum- en minimumtermometer | |

(4)

3.3 Teken die tabel hieronder in die ANTWOORDEBOEK oor. Voltooi die tabel met gebruik van die gegewe bates as afskryfbare/depresieerbare en nie-afskryfbare bates.

- Kunsmis
- Geboue
- Bemarkbare vee
- Masjinerie

| AFSKRYFBARE/ DEPRESIEERBARE BATES | NIE-AFSKRYFBARE/ NIE-DEPRESIEERBARE BATES |
|---|---|
| 1. | 1. |
| 2. | 2. |

(4)

3.4 Banke sal nie deposito's aanvaar indien dit nie behoorlik op die bankdepositostrokie aangeteken is nie.

3.4.1 Noem VIER besonderhede wat op die depositostrokie moet verskyn voordat die bank dit sal aanvaar. (4)

3.4.2 Verduidelik die rede vir die gebruik van die woorde 'nie verhandelbaar' op 'n tjek. (2)

3.5 Bestudeer die inskrywings as inkomste en uitgawes vir 'n veeboerdery. Beantwoord die vrae wat volg.

| DATUM | ITEM AANGEKOOP | BEDRAG (R) |
|---|---|---|
| 03/01/2015 | Dieregesondheidsprodukte | 2 240,00 |
| 05/01/2015 | Loon vir veewagter | 1 200,00 |
| 10/01/2015 | 500 kg-lekke @ R136/50 kg | 1 360,00 |
| 17/01/2015 | Vervoer na abattoir | 1 000,00 |
| 18/01/2015 | Vyf karkasse verkoop teen R5 000,00 elk | 25 000,00 |
| 22/01/2015 | Onthoring-toerusting | 2 570,00 |
| 26/01/2015 | 5 000 kg dieremis verkoop @ R4,00/kg | 20 000,00 |
| 30/01/2015 | Slagkoste | 3 000,00 |

3.5.1 Gebruik die inligting hierbo en bereken die volgende waardes vir die onderneming: (Toon ALLE berekeninge.)

(a) Die totale inkomste (2)

(b) Die totale uitgawes (2)

3.5.2 Bepaal die wins of verlies van hierdie veeboerderyonderneming. Toon ALLE berekeninge. (3)

3.6 Beskryf die bemarkingsfunksie van 'n agribesigheid. (3)

3.7 Die inligting hieronder het betrekking op 'n werknemer by 'n veeboerdery wat vyf dae van die week werk.

8-uur-werksdag:
- 'n Tarief van R12,70 per uur
- Drie uur oortyd vir hierdie week
- Die tarief vir oortyd is 1,5 keer die normale tarief

Aftrekkings vir die week is soos volg:
- WVF-bydrae teen 1% van die bruto loon
- Sosiale klub R15,00 per week

3.7.1 Bereken die werknemer se bruto loon vir die week. Toon ALLE berekeninge. (3)

3.7.2 Bereken die werknemer se netto loon vir die week. Toon ALLE berekeninge. (4)

3.7.3 Waarvoor staan die afkorting *WVF*? (1)

3.7.4 Dui aan wie, buiten die werknemer, tot die WVF bydra. (1)

3.8 Die tabel hieronder toon die pryse van landbouprodukte wat deur vraag en aanbod in vrye bemarking bepaal word. 'n Boer hou rekord van die pryse wat hy vir die produkte kry en skep die tabel hieronder sodra die produkte verkoop is.

| **HOEVEELHEID (HOUERS PER WEEK)** | **PRYS (RAND PER HOUER)** |
|---|---|
| 2 600 | 10 |
| 2 200 | 14 |
| 1 600 | 20 |
| 800 | 28 |
| 600 | 30 |

3.8.1 Stip die gegewe inligting op 'n lyngrafiek. (6)

3.8.2 Die boer het 'n winsmarge van 25% op elke houer van die produk wat teen R20 verkoop word.

Bereken die wins wat die boer sal maak indien al die produkte verkoop word. Toon ALLE berekeninge. (4)

**[50]**

## VRAAG 4: OES, VERWERKING EN BESTUUR

**Begin die vraag op 'n NUWE bladsy.**

4.1 Die entrepreneur wat 'n waardetoevoegingsonderneming aanpak, moet sekere faktore in aanmerking neem. Noem VIER van hierdie faktore. (4)

4.2 Verwerking behels die verandering van die landbouproduk vanaf sy oorspronklike vorm of toestand na 'n verbruikbare kommoditeit.

4.2.1 Teken die tabel hieronder in die ANTWOORDEBOEK oor.

Noem DRIE landbou-ondernemings en beskryf die verskillende maniere waarop elke landbou-onderneming landbouprodukte verwerk.

| LANDBOU-ONDERNEMING | BESKRYF VERSKILLENDE MANIERE VAN VERWERKING |
|---|---|
| | |

(3 x 2) (6)

4.2.2 Beskryf TWEE nadele van verwerking. (2)

4.3 Bestuur is 'n produksiefaktor wat funksies soos beplanning, organisering en koördinering, implementering, besluitneming, kontrole/beheer, ensovoorts insluit.

Analiseer die take hieronder en koppel elk aan die betrokke bestuursfunksie.

| | | |
|---|---|---|
| 1. Leiding aan werknemers oor hoe om take uit te voer | 2. Nagaan en evaluering van resultate | 3. Delegering van verantwoordelikhede |
| 4. Stel doelwitte en beplan hoe om dit te bereik | 5. Kies die beste oplossing | |

(5)

4.4 'n Metode wat gebruik word om plaaswerkers te motiveer, is om take te delegeer.

4.4.1 Bespreek die betekenis van *take delegeer.* (3)

4.4.2 Noem TWEE gevolge wat die delegering van take op plaaswerkers sal hê. (2)

4.5 Onderskei tussen die volgende tipes agritoerisme:

4.5.1 Plaasverblyfvakansies (2)

4.5.2 Ekotoerisme (2)

4.6 Landbouprodukte moet op die regte stadium van gereedheid geoes word.

4.6.1 Gee EEN rede waarom landbouprodukte op die regte stadium van gereedheid geoes moet word. (1)

4.6.2 Noem DRIE faktore om in ag te neem wanneer die suksesvolle oes van landbouprodukte beplan word. (3)

4.7 Berging en verpakking van geoeste landbouprodukte is van kardinale belang vir voedselsekerheid en 'n verskeidenheid metodes word deur boere gebruik.

4.7.1 Staaf hierdie stelling deur TWEE redes te gee. (2)

4.7.2 Noem VIER tipes verpakkingsmateriaal. (4)

4.8 Verpakte, geprosesseerde landbouprodukte moet geëtiketteer word. Sekere inligting moet volgens wet op die etiket verskyn.

Beskryf VIER etiketteringvereistes soos bepaal deur huidige wetgewing. (4)

4.9 Die plaasbestuurder het koöperatiewe finansiële dienste gebruik om die vordering van die boerderyonderneming te evalueer. Die verslag van die plaasevaluasie het die volgende aspekte aangedui:

- Brondokumente is nie georganiseer nie.
- Geen kontantvloeistate is opgestel nie.
- Die boer was bang om risiko's te neem.
- Die plaas het goeie produkte geproduseer, maar die boer was kortaf en nors.
- Die boer het nie geweet wat sy teikenmark en mededingers was nie.
- Die boer het nie selfdissipline gehad as dit by die gebruik van geld kom nie.

Bestudeer die evalueringsverslag hierbo en identifiseer DRIE faktore wat tot die mislukking van hierdie plaasbestuurder gelei het. (3)

4.10 'n Sakeplan is 'n geskrewe voorstelling van die besigheid.

4.10.1 Ontwerp die dekblad vir 'n sakeplan vir TAU Varsprodukte-onderneming, met Francis Louw as die eienaar. Sluit alle toepaslike inligting in wat op die dekblad moet verskyn. (5)

4.10.2 Noem TWEE aspekte van markinligting wat in die agribesigheid-sakeplan ingesluit moet word. (2)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou